

Saamstap Stiltetyd

In Psalm 1:1-3 lees ons: “Dit gaan goed met die mens wat nie die raad van goddeloses volg nie, nie met sondaars omgaan en met ligsinniges saamspan nie, maar wat in die woord van die Here sy vreugde vind, dit dag en nag oordink. Hy is soos 'n boom wat by waterstrome geplant is, wat op die regte tyd vrugte dra en waarvan die blare nie verdroog nie. Hy is voorspoedig in alles wat hy aanpak.”

Christene is mense van die Woord. Ons vind ons vreugde in die Bybel. Ons lewens dra vrug en ons beleef Goddelike seën omdat ons daarin gewortel is.

Die volgende materiaal is 'n hulpmiddel waarmee jy/julle vir 'n jaar stiltetyd deur die Nuwe Testament kan doen. (Materiaal sal maandeliks beskikbaar gestel word.) As die Here ons spaar, doen ons volgende jaar die Ou Testament. Die materiaal kom uit: Die “Eenjaar Bybel” wat deur Christian Art uitgegee is. Ons gebruik dit met hulle toestemming. Die “Eenjaar Bybel” word nie meer gedruk nie. Die jaar is meer as 'n maand oud, daarom begin ons al 'n entjie in die boek “Matteus” in.

Stiltetyd begin met 'n afspraak met God. Gee genoeg tyd vir stilword. Maar min tyd, is beter as geen tyd. As jy/julle as huis net met die oordenking wil begin, is dit ook goed. Ons gaan nie oor mekaar se skouers loer nie.

Ons fokus op die Bybel as God se Woord in mensetaal. Saam met die Bybel as handboek, is daar goeie hulpmiddels soos bv. die “Die Bybellenium, 'n Eenvolume Kommentaar” en “Die Bybel in Praktyk” beskikbaar indien jy dit wil gebruik om dieper te delf.

Die van jul wat wil, kan ook deel word van 'n Whatsapp groep wat nie baie aktief hoef te wees nie. Daarop kan u vrae oor die Skrifgedeelte van die dag vra of ook deel as die Here jou op 'n besondere manier aangespreek het. Moet asb geen ander kommentaar of video's ens op die groep stuur nie. Kontak my indien jy deel van die “Saamstap Stiltetyd” groep wil word.

Op ons webwerf vind jy ook 'n lekker praktiese gebedshulp: “Wat is ware gebed?”

Kom ons begin!

Ds MG van Rooyen
Sel: 0834137100

Februarie 2021

8 Februarie

Matt 25:31-26:13

Oordenking: Die skape word van die bokke geskei. (Matt 25:34-40)

Hierdie gelykenis handel onder andere oor barmhartigheid wat ons elke dag kan bewys. Hierdie goeie dade hang nie af van ons rykdom, ons vermoëns of intelligensie nie, maar is eenvoudige dingetjies wat ons sonder beloning vir ander kan doen. Daar is geen aanvaarbare verskoning vir ons as ons behoeftige mense verwaarloos nie en ons kan die verantwoordelikheid om daardie mense te help, ook nie op die regering afskuif nie. Jesus verwag dat elke mens wat kan, sal meehelp om ander se nood te verlig.

9 Februarie**Matt 26:14-46****Oordenking: Die laaste Maaltyd. (Matt 26:26)**

Hierdie maaltyd, waarmee Jesus en Sy dissipels Paasfees gevier het, word vandag nog as een van die heilige sakramente in die kerk herdenk. Elke naam wat daarvoor gebruik word, dui op 'n ander aspek van die gebeurtenis. Dit is die Nagmaal omdat dit die viering van Paasfees deur Jesus en Sy dissipels herdenk; dit is die Deelgenootskap omdat ons daardeur gemeenskap het met God en ander gelowiges; dit is die Gedenkmaal omdat ons aan Jesus se lyding en dood vir ons as kerk dink wanneer ons die brood eet en die wyn drink; dit is die Danksegging omdat ons God daardeur dank vir dit wat Christus vir ons gedoen het en vir die wonderlike genade wat Hy aan ons bewys het. Hierdie genade wat óns ervaar, moet ook in ons optrede teenoor ander mense sigbaar wees.

10 Februarie**Matt 26:47-68****Oordenking: Jesus verskyn voor die Joodse raad. (Matt 26:60,61)**

Nadat Judas Jesus uitgewys en Hy gevange geneem is, het die skare Hom na Kajafas, die hoëpriester, toe geneem. Die Joodse Raad het twee mense teen Jesus laat getuig en hulle het die dinge wat Hy van die tempel gesê het, heeltemal verdraai. Volgens hulle het Hy gesê dat Hy die tempel sou afbreek- en dit was ernstige laster. Wat Jesus wél gesê het, was dat Hy die tempel weer sou oprig nadat hulle dit afgebreek het. Hy het natuurlik van Sy eie liggaam gepraat, en nie van die gebou nie. Dit is ironies dat hierdie leiers op die punt was om, net soos Hy gesê het, Sy liggaam te vernietig. En drie dae later sou Hy wel uit die dood opstaan. Jesus se verhoor, 'n blote skyn, is teen dagbreek beëindig toe die hof besluit het om Hom te kruisig. Die Romeinse regering moes egter die doodstraf goedkeur, en daarom is Jesus na Pilatus toe geneem. Hy het amptelik toestemming verleen dat Jesus tereggestel kon word.

11 Februarie**Matt 26:69-27:14****Oordenking: Die veroordeling van Jesus. (Matt 27:1)**

Die geestelike leiers moes die Romeinse regering oorreed om Jesus ter dood te veroordeel, omdat hulle nie die gesag gehad het om dit te doen nie. Die Romeine het die gesag om die doodstraf op te lê, van hulle ontnem. Dit het ook polities vir die Joodse leiers beter gelyk as iemand anders vir Jesus se dood verantwoordelik gehou kon word. Hulle wou hê dat die Romeine vir Sy dood verantwoordelik moes wees, sodat die skare hulle nie daarvan kon beskuldig nie. Hulle het Jesus om godsdienstige redes(laster) gevange geneem. Dit sou egter geen gewig dra by die Romeinse regering nie, en daarom moes hulle 'n politieke rede vir Sy gevangeneeming soek. Hulle strategie was om aan te toon dat Jesus 'n rebel is wat sê dat Hy God is en Homself dus hoër as die keiser ag.

12 Februarie**Matt 27:15-31****Oordenking: Jesus verskyn voor Pilatus. (Matt 27:12; 24)**

Die priesterhoofde het Jesus voor Pilatus van heel ander misdade beskuldig as dié waarvoor hulle Hom gevange geneem het. Hulle het Hom in hegtenis geneem omdat Hy kwansuis lasterlike dinge gesê het(daarop aanspraak gemaak het dat Hy God is). Daardie aanklag sou egter nie by die Romeine enige gewig dra nie. Daarom moes hulle Hom nou beskuldig van iets wat vir die Romeine belangrik sou wees, byvoorbeeld dat Hy die mense probeer verhinder het om belasting te betaal; gesê het dat Hy 'n koning is of 'n opstand probeer reël het. Hierdie aantuigings was nie waar nie, maar hulle was vasbeslote om Jesus dood te maak en hulle het heelparty gebooie verbreek in die uitvoering van hulle sameswering.

Pilatus was eers huiwerig om toestemming te gee dat Jesus gekruisig kon word. Hy het gedink dat

hulle maar net jaloers was omdat Jesus meer gewild was onder die mense. Maar toe die Jode dreig om Pilatus by die keiser te gaan verkla, het hy baie bang geword. Uit geskiedkundige geskrifte is dit duidelik dat die Jode reeds gedreig het om 'n klag teen hom te lê omdat hy hulle tradisies bespot het. So 'n klag sou tot gevolg gehad het dat hy herroep word. Sy posisie was dus in die gedrang. Die Romeinse regering kon nie bekostig om groot getalle soldate in die gebiede onder sy beheer aan te hou nie, daarom moes die goewerneurs tot elke prys toesien dat die orde gehandhaaf word. Die prys wat hier betaal is, is dat 'n onskuldige man - die Seun van God - doodgemaak is.

13 Februarie

Matt 27:32-66

Oordenking: Jesus word gekruisig. (Matt 27:51-53)

Die Romeinse soldate het 'n hele leërafdeling rondom Jesus in die ampswoning bymekaargebring. Daar het hulle Hom bespot, geslaan, vir Hom 'n pers mantel aangetrek en 'n gevlegte doringkroon op Sy kop gesit. Toe neem hulle Hom na die plek buite die stad waar misdadigers gekruisig is. Hy was só swak na al die marteling, dat Hy nie eens Sy eie kruis kon dra nie en 'n man, Simon van Sirene, is toe gedwing om dit tot by Golgota te dra.

Daar het vier bonatuurlike dinge gebeur toe Christus gekruisig is: dit het donker geword, die voorhangsel van die tempel het geskeur, daar was 'n aardbewing en mense het uit die dood opgestaan. Die tempel se voorhangsel het in die tempel die Heilige deel van die Allerheiligste geskei. Die feit dat dit in twee geskeur het, was simbolies daarvan dat die skeiding tussen God en mense deur Christus se dood afgebreek is. Nou is alle mense vry om na God te gaan omdat Christus die prys vir ons sondes betaal het.

14 Februarie

Matt 28:1-20

Oordenking: Jesus staan op uit die dood. (Matt 28:5-7)

Die engel wat vir die vroue die Goeie Nuus van die opstanding vertel het, het vir hulle vier dinge gesê: (1) Moenie bang wees nie. Die opstanding is 'n werklikheid wat vreugde bring, nie vrees nie. Dink net aan die leë graf as u bang voel. (2) Hy is nie hier nie. Jesus is nie dood nie en ons soek nie tussen die dooies na Hom nie. Hy leef en is by Sy mense. (3) Kom kyk. Die vroue kon self na die bewyse gaan kyk. Die graf was toe leeg, en is vandag nog leeg. Die opstanding is 'n historiese feit. (4) Gaan vertel dit gou. Hulle moes die vreugde van die opstanding gaan verkondig. Ons moet ook die Goeie Nuus van Jesus se opstanding verkondig.

15 Februarie

Mark 1:1-28

Oordenking: Johannes berei die pad vir Jesus voor. (Mark 1:5)

Die doel van Johannes se prediking was om die mense daarop voor te berei om Jesus as Seun van God te aanvaar. Toe hy vir hulle geleer het dat elke mens sy sondes individueel voor God moet bely, was dit die begin van 'n splinternuwe benadering tot die mens se verhouding met God. Moet jou lewe eers verander voordat jy Jesus se boodskap kan hoor en verstaan? Nee, maar sy boodskap verander ons. 'n Mens moet eers erken dat jy vergifnis nodig het, voordat jy vergifnis gaan ontvang. Ons moet dus opreg berou hê oor ons sonde en dit bely voordat ons tot ware geloof in Jesus Christus kan kom. Deel van die oorgawe aan Christus, is om af te sien van die sinlose dinge wat die wêreld bied en nie toe te gee aan sondige versoekings en negatiewe gesindhede nie.

16 Februarie

Mark 1:29-2:12

Oordenking: Jesus genees 'n verlamde man. (Mark 2:7)

Jesus het nie vir die verlamde gesê: "Jy is genees" nie, maar: "Vriend, jou sondes word vergewe!" Die Joodse leiers het dit as godslasterlik beskou, omdat slegs God 'n mens se sondes kan vergewe. Hierdie sonde is volgens die Joodse wet strafbaar met die dood.

Die godsdiensteleiers was reg met hulle afleiding dat Jesus gesê het dat Hy die Messias is, maar hulle het Hom verkeerdlik veroordeel. Jesus het niks lasterlik gesê nie. Hy het die waarheid gepraat. Hy is God se Seun en hét dus die gesag om sondes te vergewe. Hy het dié aanspraak bewys toe Hy die verlamde man genees het.

17 Februarie

Mark 2:13-3:6

Oordenking: Jesus is Here oor die sabbat. (Mark 2:27-28)

Jesus het die voorbeeld van koning Dawid gebruik om te toon hoe belaglik die Fariseërs se aantygings was. Hy het ook gesê dat God die sabbatdag vir die mens gemaak het, en nie vir Homself nie. Hy baat tog nie daarby as ons op die sabbat rus nie, maar ons word geestelik en liggaamlik deur hierdie rus opgebou as ons dié dag aan Hom wy. Die sabbatswette het vir die Fariseërs belangriker geword as die rede vir die sabbatsinstelling. Sowel Dawid as Jesus het geweet dat God se wet altyd ten doel het om ons liefde vir Hom en vir ander te laat groei. Moenie blindelings aan 'n wet vasklou sonder om noukeurig na die redes vir daardie wet te kyk nie. Om die gees van die wet te onderhou, is belangriker as die letter daarvan.

18 Februarie

Mark 3:7-30

Oordenking: Jesus stel sy twaalf dissipels aan. (Mark 3:14)

Jesus het geweldig baie volgelinge gehad en uit hulle geledere het Hy twaalf gekies om deurentyd by Hom te bly. Hy het nie die twaalf op grond van hulle geloof gekies nie, hulle geloof was soms wankelrig. Hy het hulle nie gekies vanweë hulle talente en vermoëns nie, want daar was nie een met buitengewone vermoëns nie. Die agtergrond en lewenservaring van die twaalf het verskil, en dit lyk ook nie asof hulle meer leierskappotensiaal gehad het as die wat nié gekies is nie. Maar al twaalf het één gemeenskaplike eienskap gehad: hulle was almal bereid om Jesus te volg en aan Hom gehoorsaam te wees. Hulle is na Jesus se hemelvaart met die Heilige Gees vervul en het baie besondere werk in die vroeë kerk verrig. Ons moenie dink dat ons nie geskik is om vir Christus te werk omdat ons nie oor sekere talente beskik nie. 'n Mens het nie 'n sekere getuigskrif nodig om 'n goeie dissipel te kan wees nie - al wat jy moet doen, is om Jesus met 'n gewillige hart te volg.

19 Februarie

Mark 3:31-4:25

Oordenking: Die gelykenis van die saaiër. (Mark 4:2; 9)

Jesus het die mense deur middel van verhale, wat ons gelykenisse noem, geleer. In 'n gelykenis word dieper geestelike waarhede met die hulp van alledaagse dinge verduidelik. Daardeur word die luisteraar gedwing om te dink. Die waarheid bly verberg vir diegene wat te hardkoppig of bevooroordeel is om te hoor wat gesê word. Ons hoor met ons ore, maar ons moet op 'n dieper vlak met ons verstand en hart hoor as ons Jesus se woorde werklik wil begrip. Ons moet ons oopstel om getref word deur die volle waarheid van die verhaal indien ons op daardie dieper, geestelike manier wil hoor. Ons moet alles wat in God se Woord staan op daardie dieper vlak ervaar, want dán verander Hy deur Sy Woord ons lewens.

20 Februarie**Mark 4:26-5:20****Oordenking: Jesus dryf bese geeste uit. (Mark 5:1-13)**

Jesus het hierdie besetene gesond gemaak deur die bese geeste te beveel om hom te verlaat. Daardeur het Hy duidelik getoon dat die Koninkryk van God in Hom was. Sy werk aan die kruis het die satan en sy bese engele oorwin, en hoewel satan nog finaal verslaan moet word, is daar geen twyfel dat hy wel verslaan is en sal word nie. Dit is belangrik om situasies en bedrywighede waarby bese geeste betrokke kan wees, te herken en daarvan weg te bly. Maar dit is net so belangrik dat ons nie nuuskierig oor of betrokke sal wees by duiwelse magte of okkulte nie. As ons in geloof weerstand bied teen die duiwel en sy magte, sal hy van ons af wegvlug, want die Here Jesus het die bese klaar oorwin.

21 Februarie**Mark 5:21-43****Oordenking: Jesus genees mense deur wondertekens. (Mark 5:34; 41)**

Jesus het nie net getoon hoe groot Sy mag is nie, Hy het ook diep medelye met mense gehad. Sy mag oor die natuur, duiwels en die dood is deur medelye gemotiveer - medelye vir 'n besetene, 'n siek vrou en die familie van 'n dogtertjie wat gesterf het. Vir die rabbi's van daardie tyd was dié mense onrein, daarom is hulle deur die gemeenskap vermy. Maar Jesus het Sy hand uitgesteek en enige iemand wat Hom nodig gehad het, gehelp.

22 Februarie**Mark 1:1-29****Oordenking: Wie is Jesus? (Mark 6:15)**

Herodes het, soos baie ander, gewonder wie Jesus regtig was. Baie mense kon nie aanvaar dat Hy die Seun van God is nie, en het na 'n ander rede vir Sy mag en gesag gesoek. Herodes het gedink dat Hy Johannes die Doper was wat uit die dood uit opgestaan het. Party kenners van die Ou Testament het gedink dat Hy Elia was, terwyl ander weer geglo het dat Hy 'n leermeester was wat Moses, Jesaja of Jeremia nagevolg het. Mense wonder vandag nog wie Jesus regtig is. Sommige mense dink dat hulle Sy aanspraak op hul lewens kan ophef as hulle aan Hom die een of ander naam - soos profeet, leermeester, goeie man of die groot man daarbo - gee. Maar wat hulle ookal dink, verander niks aan wie Jesus regtig is nie.

23 Februarie**Mark 6:30-56****Oordenking: Jesus gee vyf duisend mense kos. (Mark 6:37-42)**

Jesus het vir Sy dissipels gevra om vir meer as vyf duisend mense kos te gee. Hulle reaksie was "Waarmee?" Hoe reageer jy as jy voor 'n onmoontlike taak te staan kom? 'n Situatie wat menslik onmoontlik lyk, is vir God 'n geleentheid. Die dissipels het alles wat hulle moontlik kon, gedoen - hulle het al die beskikbare kos bymekaargemaak en die mense in groepe laat sit. Toe doen God die onmoontlike in antwoord op 'n gebed. As jy 'n skynbaar onmoontlike taak voor jou het, doen dan wat jy kan en vra God om die res te doen. Dalk wil Hy die onmoontlike laat gebeur.

24 Februarie**Mark 7:1-23****Oordenking: Innerlike reinheid. (Mark 7:6-7)**

Skynheiligheid beteken dat 'n mens voorgee om te wees wat jy nie is nie. Jesus het gesê dat die Fariseërs skynheilig was, omdat hulle God nie uit liefde aanbid het nie, maar omdat dit hulle in die oë van die mens heilig laat lyk en hulle status in die gemeenskap verhoog het. Ons word skynheilig as (1) ons reputasie vir ons belangriker is as ons karakter; (2) ons sekere godsdienstige gebruike nougeset nakom, maar ons harte nog ver van God af is, en ons (3) ons eie goeie eienskappe beklemtoon (en ons eie sondes ignoreer), maar voortdurend vir ander op hulle sondes wys.

25 Februarie**Mark 7:24-8:10****Oordenking: Jesus toon sy verlossingskrag. (Mark 7:29)**

Jesus toon in dié Skrifgedeelte sy medelye en deernis. Teen die agtergrond van die Joodse kultuur van daardie tyd, was daar twee dinge wat teen die Siro-Fenisiëse vrou getel het: (1) sy was in vrou, en vroue was in dieselfde lig as vee gesien, wat gekoop en verkoop kon word, en (2) sy was 'n heiden, en volgens die opvattinge van die tyd was die heidene buite God se genade. Hier wys Jesus dat Hy medelye met haar het, want Hy staan haar versoek toe en prys haar omdat haar geloof so groot is.

26 Februarie**Mark 8:11-38****Oordenking: Die belydenis van Petrus. (Mark 8:29)**

Jesus het eers vir die dissipels gevra: "Wie, sê die mense, is Ek?" Toe rig Hy die vraag aan hulle: "Maar julle...wie, sê julle, is Ek?" Daarop het Petrus sy bekende belydenis gelewer. Maar uit die res van die verhaal weet ons dat Petrus se siening van die Messias en Jesus se siening hemelsbreed verskil. Daarna het Jesus vir hulle vertel dat Hy binnekort sou sterf en drie dae later uit die dood sou opstaan. Hy het vir al sy dissipels gesê om agter Hom aan te kom - om hulle kruis op te neem en Hom te volg. Toewyding aan Jesus beteken opoffering van eie belange en gehoorsame naastediens. 'n Christen se lewe is nie 'n pad van rykdom en gemak nie. Dit sluit dikwels harde werk, vervolging, ontbering en lyding in.

27 Februarie**Mark 9:1-29****Oordenking: Geloof en gebed. (Mark 9:29)**

Geloof is nie iets tasbaars wat soos medisyne ingeneem kan word nie. Dit is 'n gesindheid van vertroue. Maar selfs ons vermoë om te glo, is 'n gawe van God. Hoe sterk ons geloof ook al is, bereik ons nooit 'n punt waar ons selfvoorsienend is nie. Geloof kan nie soos geld in die bank gebêre word nie. Om in die geloof te groei, is 'n deurlopende proses waarin ons elke dag ons vertroue in Jesus vernuwe. Jesus het die dissipels gewaarsku dat hulle in moeilike situasies, wat slegs deur gebed opgelos kan word, sou kom. Gebed is die sleutel wat die geloof in ons lewens ontsluit. Vir effektiewe gebed is 'n gesindheid van algehele afhanklikheid nodig, maar ook 'n handeling, naamlik om te vra. Gebed is 'n bewys van ons afhanklikheid van God, want ons nooi Hom om ons met geloof en krag te vul. Daar is geen plaasvervanger vir gebed nie, veral nie in probleme wat vir ons onoorkomelik lyk nie.

28 Februarie

Mark 9:30-10:12

Oordenking: Wat Jesus oor egskeiding geleer het. (Mark 10:5-9)

God het egskeidings toegelaat - dit was 'n toegewing omdat die mens in sonde geval het.

Egskeiding is nie goedgekeur nie, maar ingestel om lydende partye in ongelukkige situasies te beskerm. Ongelukkig het talle Fariseërs egter reëls opgestel wat dit moontlik gemaak het om vir byna enige rede te skei - die man kon bepaal wat die rede vir die egskeiding sou wees.

Jesus het verklaar dat dit nie God se wil is nie. Nee, God wil hê dat getroudes hulle huwelik as 'n lewenslange band moet beskou. Moenie met iemand trou met die gedagte dat u weer kan skei as dit nodig is nie, maar werk met oorgawe daaraan om u huwelik vir altyd te laat hou. Dan is die kans dat dit sal slaag, soveel groter. Moenie sulke harde harte soos die Fariseërs hê nie, maar wees vasberade om jul huwelik, met God se hulp, te laat hou.